

HANTAM MUNISIPALITEIT

PERSONEEL en

RAADSLEDE BELEID

INHOUDSOPGAWE

1.	Studentewerkers	3-4
2.	Seksuele Teisterings	5-10
3.	Internet- en E-pos gebruik	10-14
4.	Rook	14-16
5.	Waarneming en skaarsheidtoelae	16-18
6.	Oortyd	18
7.	Studiehulp	18-25
8.	MIV/VIGS	25-29
9.	Delegering van Bevoegdhede	29-42
10.	Kommunikasie beleid en strategie	42-48
11.	Onthaaltoelae	48
12.	Bywoon van alkohol en drank rehabilitasie sentrums	48-49
13.	Spesiale verlof	49-50
14.	Prosesplan	51
15.	Telefone, fakse, fotostate en internet	51-52
16.	Reis en verblyftoelaes	52-54
17.	Plasingsbeleid	54-57
18.	Langdiensbonusse	57
19.	Motorskema	58-62
20.	Versekering van raadslede en werknemers	62
21.	Arbeidsforum	62
22.	Essensiële dienste ooreenkoms	63
23.	Tydlike werkers	63
24.	Kollektiewe ooreenkoms insake organisasieregte	63

25.	Mediese ondersoek van werkers	63
26.	Voorskotte	64
27.	Huislenings by Pensioenfondse	64
28.	Openbare bestuurspermit	64
29.	Bystand	64-65
30.	Raadslede/Komitee's/Bywoon van vergaderings	65-67
31.	Aanstelling en salarisafrekking	67-68
32.	Voertuie	68-70
33.	SDBIP en PMS	70
34.	Algemene voertuigbestuurders	70
35.	Jeugontwikkelings fonds	70-71
36.	Skills Retention Policy	71-72
37.	Behuisingssubsidies	72
38.	Abet klasse	72
39.	Recruitment	72-76
40.	Pensioen en Mediese fondse – amptenare	76
41.	Organogram	76-77

1. STUDENTEWERKERS

(vir vakansiewerk / vrywillige werk)

Hantam Munisipaliteit is 'n regstellende aksie werkgewer. Gelyke geleentheid word aan almal gebied om in diens geneem te word. Hantam Munisipaliteit verbind hom daartoe om ook aan studente die geleentheid te bied om praktiese ervaring op te doen deur aan hulle vakansiewerk / vrywillige werk te verskaf. Dit is egter onmoontlik om aan alle studente werk te verskaf en daarom sal dit op die volgende manier gedoen word.

1. Keuring

Wanneer aansoeke ontvang word, sal dit aan die munisipale bestuurder voorgelê word. Die betrokke departementshoof sal bepaal of 'n ekstra persoon in die departement hanteer kan word of nie. Die munisipale bestuurder sal die finale goedkeuring doen. Persone / studente moet ouer as 18 jaar wees. Studente moet in departemente geplaas word wat sy / haar studieveld dek.

2. Tydperk

Studente sal net vir 'n tydperk tussen 1 – 3 maande praktiese ervaring hier kan opdoen.

3. Besoldiging

Geen besoldiging sal aan persone gedoen word wat vrywillige diens verrig nie. Studente word die geleentheid gebied om praktiese ervaring op te doen.

4. Vrywaring

Studente moet 'n vrywaringsvorm onderteken om die Raad van enige eise te vrywaar vir die tydperk wat diens verrig word by die Raad.

Hantam Munisipaliteit

VRYWARING

ten opsigte van vakansiewerk / tydelike werk / kontrakwerk / vrywillige werk.

(Skrap wat nie van toepassing)

EK, DIE ONDERGETEKENDE (meld volle name en van)

.....
.....'n meerderjarige, **VERKLAAR** hierby: dat die Raad of sy

beamptes of sy werknemers nie aan my aanspreeklik is vir enige skade wat mag voortspruit uit lewensverlies of liggaamlike beserings wat ek mag opdoen, of vir enige verlies van of skade aan my en / of hul eiendom of boedel wat voortspruit uit enige ongeluk of oorsaak wat gedurende of as gevolg van sodanige werk mag voorkom, ongeag of sodanige ongeluk of ander oorsaak voortspruit uit nalatigheid, versuim, onbevoegdheid of enige opsetlike optrede, van watter aard ook, van die kant van sodanige beamptes of werknemers, **EN NAMENS MYSELF, VRYWAAR** EK die Raad en sy beamptes en werknemers hierby **TEEN, EN** onthef ek hulle van aanspreeklikheid vir, en stel ek hulle vry van enige skade van watter aard ook, en enige regsuitgawes of - koste wat deur enige persoon, wie ook al, geeis mag word.

Geteken te op hede die
dag van..... 20.....

.....

HANDTEKENING

As getuies:

1.

2.

2. SEKSUELE TEISTERING

VOORWOORD

Hantam Munisipaliteit is 'n regstellende aksie werkgewer wat hom daartoe verbind om regverdigheid in die werkplek te laat geskied. Dit word gereflekteer in die feit dat Hantam Munisipaliteit wetgewing toepas wat hom tot die welsyn en beskerming van alle partye in die werkomgewing bind. Suid Afrikaners raak al hoe meer bewus van die regte van werknemers en die verantwoordelijkheid van die werkgewers, daarom is beskuldigings van seksuele teistering so 'n gevaarlike aantygning.

Die Raad het 'n verantwoordelijkheid om 'n werkplek te skep waar geen seksuele teistering plaasvind nie. Departements hoofde is verantwoordelik om toe te sien dat teistering gevalle hanteer word of daar kan teen hulle opgetree word.

Seksuele teistering kan die werknemer se prestasie, produktiwiteit, fokus en effektiwiteit beïnvloed in sy/haar poging om die situasie te hanteer.

1. DOELSTELLINGS VAN DIE KODE

- 1.1 Om seksuele teistering in die werkplek uit te roei deur toepaslike prosedures te verskaf ten einde die hantering en voorkoming daarvan aan te spreek.
- 1.2 Om 'n omgewing te skep wat vry is van seksuele teistering, waar werknemers en werkgewers mekaar se privaatheid en integriteit respekteer deur die implementering van prosedures om dit te hanteer.
- 1.3 Om met seksuele teistering sake baie sensitief, onmiddellik, nie-partydig en baie vertroulik/konfidensieel te hanteer.
- 1.4 Om seker te maak dat die slagoffer en die beskuldigde nie geviktimiseer word deur Departements hoofde of die ander werknemers nie.
- 1.5 Om werknemers, tydelike- en kontrakwerkers, insluitende voornemende applikante te verhoed om in seksuele aktiwiteite deel te neem in ruil vir indiensneming, verskuiwings, salaris verhogings, bevordering of diensvoordele.
- 1.6 Om die werksekuriteit van die slagoffers te waarborg.
- 1.7 Om te verseker dat alle werknemers bewus is van seksuele teistering.

2. DEFINISIE

In terme van die goeie praktykskode wat uitgevaardig is deur Nedlac vir die hantering van seksuele teistering gevalle in artikel 203(2) van die Wet op Arbeidsverhoudinge (kennisgewing no 137, Staatskoerant no 19049) van Junie 1998, word seksuele teistering gedefinieer as ongevraagde gedrag van 'n seksuele aard. Aandag van 'n seksuele aard word seksuele teistering wanneer:

- die gedrag voortdurend geskied, alhoewel 'n enkele insident seksuele teistering daar kan stel en/of
- die ontvanger dit duidelik gemaak het dat die gedrag onaanvaarbaar is en of
- die beskuldigde behoort te gewet het dat sodanige gedrag onaanvaarbaar is
- die beskuldigde en slagoffers van seksuele teistering mag insluit: raadslede, departements hoofde, toesighouers, werknemers, werksaansoekers, diensverskaffers en kontrakteurs.

3. Tipes seksuele teistering

Seksuele teistering wissel van onwelkome oog kontak tot verkragting.

Voorbeelde van vorme wat dit kan aanneem is:

3.1 Quid Pro Quo

Hierdie vorm van seksuele teistering geskied wanneer die werkgewer, toesighouer, bestuurder of mede-werknemer misbruik maak van sy/haar gesag deur die indiensnemingsproses, bevordering, opleiding, dissiplinêre ontslag, salarisverhogings of enige ander aspekte te beïnvloed in ruil vir gunste van 'n seksuele aard. Hierdie vorm van seksuele teistering is onaanvaarbaar.

3.2 Fisiese vorme

Fisiese seksuele teistering sluit in ongevraagde fisiese kontak, en strek van onwelkome aanraking tot seksuele aanranding en verkragting. Dit sluit ook in deursoeking, deur of in die teenwoordigheid van die teenoorgestelde geslag.

3.3 Verbale vorme sluit in:

- Onwelkome insinuasies
- Suggesties en sinspelings (voorstelle en wenke)
- Seksuele toenaderings
- Opmerkings met seksuele ondertone
- Seksueel verwante grappe of beledigings of ongemagtigde grafiese kommentaar rakende 'n persoon se liggaam gelewer in hul

teenwoordigheid of teenoor hulle

- Onwelkome of onvanpaste navrae rakende 'n persoon se sekslewe
- Onwelkome gefluit aan 'n persoon of groep persone

3.4 **Nie-verbale vorme**

Hierdie vorme sluit in onwelkome gebare, onweloweglike ontblooting en die onwelkome vertoon van seksuele prente en voorwerpe.

4. **PROSEDURES VIR DIE HANTERING EN RAPPORTERING VAN SEKSUELE TEISTERING GEVALLE**

Die prosedures is opverdeel in twee opsies:

4.1 **Die informele prosedure**

Hierdie prosedure sal gebruik word vir subtiele vorme van seksuele teistering. Dit sal nie vir gevalle waar seksuele aanranding, verkragting, deursoeking deur of in die teenwoordigheid van die teenoorgestelde geslag, quid pro quo of aanhoudende vorme van seksuele teistering gebruik word nie, indien die slagoffer:

4.1.1 verkies om die klagte af te handel sonder verwysing na die formele prosedure deur die beskuldigde deur middel van 'n brief te waarsku, of deur iemand van bestuur of 'n verteenwoordiger te vra om die situasie op te los;

4.1.2 indien die prosedure in 4.1.1. suksesvol gebruik word, sal geen verdere dissiplinêre stappe teen die beweerde teisteraar geneem word nie;

4.1.3 die slagoffer en die beskuldigde sal na 'n sielkundige verwys word vir terapie, indien hy/sy dit so verkies.

4.2 **Die formele prosedure**

Indien die informele prosedure soos in 4.1 nie van toepassing is nie, sal die Raad die formele prosedure in werking stel. Die dissiplinêre prosedure sal gebruik word om so 'n klag te hanteer weens die sensitiwiteit en ernstigheid van seksuele teistering.

4.2.1 **Skorsing**

In ernstige gevalle van seksuele teistering, soos verkragting, deursoeking deur of in die teenwoordigheid van die teenoorgestelde geslag of poging tot verkragting, kan die beskuldigde geskors word met of sonder die uitslag van 'n dissiplinêre verhoor.

4.2.2 **Ondersoek**

4.2.2.1 Wanneer bewerings van seksuele teistering aan die Raad bekend gemaak word, sal 'n ondersoek beampete deur die Munisipale

Bestuurder aangestel word binne vyf (5) werksdae om die saak te ondersoek.

4.2.2.2 Die slagoffer sal die kans het om tussen drie (3) persone te kies wie die ondersoekbeampte moet wees.

4.2.2.3 Die ondersoekbeampte sal:

- 1) iemand wees van buite die werkplek en lyn van bestuur waar die betrokke grief plaasgevind het;
- 2) iemand wees met die nodige arbeidsverhoudinge vaardigheid;
- 3) iemand wees met ondersoek vaardighede en genoeg bronne tot sy beskikking;
- 4) betroubaarheid waarborg om nie die betrokke partye te benadeel nie;
- 5) verwysings doen aangaande die aksie wat geneem moet word na aanleiding van die bewyse wat verkry is binne tien (10) werksdae na sy/haar aanstelling.

4.2.3 **Dissiplinêre aksie**

4.2.3.1 Alle regte soos uitgelê in die griewe en dissiplinêre kode van die Raad sal van toepassing wees op albei die slagoffer en beskuldigde.

4.2.3.2 Die dissiplinêre verhoor sal binne tien (10) werksdae plaasvind na die uitslag van die ondersoek.

4.2.3.3 Die uitslag van die dissiplinêre verhoor sal aan albei betrokke partye bekend gemaak word binne twee (2) werksdae tensy anders ooreengekom deur die partye.

4.2.3.4 Indien die Raad nalaat om 'n dissiplinêre ondersoek te doen, kan die slagoffer 'n dispuut verklaar by die SALGBC. As die dispuut onopgelos is, kan die slagoffer dit na die Kommissie vir Konsiliasie, Mediasie en Arbitrasie verwys (KVMA).

4.2.3.5 Wanneer 'n beskuldigde onskuldig bevind word, sal geen dissiplinêre aksie deur die Raad teen die werknemer geneem word wat 'n klag gelê het in goeder trou. Die Raad aanvaar nie verantwoordelikheid vir siviele klagtes wat gelê word deur die beskuldigde vir skending van regte nie. Hierdie beleid verhoed egter nie die beskuldigde om verdere klagtes te lê nie.

4.2.4 **Dissiplinêre maatreëls**

4.2.4.1 Dissiplinêre maatreëls sal die volgende insluit, maar sal nie beperk wees tot:

- Voorligting en opleiding
- Mondelinge waarskuwing
- Geskrewe waarskuwing
- Finale waarskuwing
- Ontslag

4.2.4.2 Vir enige seksuele aanranding soos poging tot verkragting, verkragting of deursoeking, molestering, sal tydelike skorsing die gepaste straf wees.

4.2.4.3 Die Raad sal haar laat lei deur die Goeie Praktykskode soos uiteengesit in Artikel 8 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, wanneer 'n besluit aangaande die optrede vir seksuele teistering geneem moet word.

4.2.4.4 Die slagoffer van seksuele teistering sal die reg het om siviele/kriminele klagtes te lê teen die beskuldigde, en die regte van die slagoffer sal nie beperk word tot hierdie kode nie.

5. GESKILBESLEGTING

5.1 Indien die betrokke partye nie tevrede is met die uitslag van die dissiplinêre verhoor nie, kan hulle teen die uitslag appélleer binne 'n bestek van 30 dae vanaf die ontstaan van die geskil.

5.2 Die aangeleentheid kan na die SALGBC verwys word vir bemiddeling en indien nie opgelos na die KVMA vir arbitrasie.

5.3 Indien die aangeleentheid nog nie beslis kan word nie, kan enige betrokke party die aangeleentheid na die Arbeidshof verwys binne dertig dae na die uitreiking van 'n onopgeloste geskil sertifikaat deur die KVMA kommisaris.

6. VERLOF

6.1 Wanneer die slagoffer of beskuldigde lei aan emosionele of fisieke stres, sal die Raad siekteverlof oorweeg op versoek van die individu.

6.2 Afhangende van die omvang, die graad van die oortreding en die onderlinge verhouding tussen die slagoffer en die beskuldigde, kan die slagoffer spesiale betaalde verlof van 5 werksdae kry nadat die seksuele teistering klag aanhangig gemaak is wagtend op die uitslag van die ondersoek.

7. VERTROULIKHEID

7.1 Die Raad is verantwoordelik om toe te sien dat die minimum hoeveelheid persone in die saak betrek word.

- 7.2 Bestuur, werknemers en betrokkenes moet onderneem om die identiteite van die betrokke persone in seksuele teistering gevalle geheim te hou terwyl die saak ondersoek word.
- 7.3 Om vertroulikheid te verseker, sal net nodige bestuurslede, die klaer en sy/haar verteenwoordiger, die beweerde oortreder, getuies en 'n tolk, indien nodig, teenwoordig wees tydens die dissiplinêre ondersoek.


8. DIE WERKNEMER SE VERANTWOORDELIKHEID

- 8.1 Alle werknemers moet 'n klimaat skep waar seksuele teistering onaanvaarbaar is.
- 8.2 Alle werknemers moet seker maak dat hul optrede nie aanstootlik is en dat hulle nie aanstootlike gedrag goedkeur nie.

9. IMPLEMENTERING VAN HIERDIE BELEID

Elke departementshoof en toesighouer is verantwoordelik om toe te sien dat werknemers binne hulle area hierdie seksuele teistering beleid ken, die maniere om dit te hanteer en die dissiplinêre aksies wat geneem kan word.

Die Raad dra kennis dat valse en kwaadwillige aantuigings 'n negatiewe impak het op onskuldige persone, en sal sodanige aantuigings met die nodige dissiplinêre prosedures hanteer word.



3. INTERNET EN E-POS GEBRUIK

1. Inleiding

Met die nuwe tegnologie wat daagliks verbeter en waarvan Hantam Munisipaliteit deel uitmaak van hierdie verbeterings, het dit nodig geword om 'n beleid in plek te stel om die misbruik van hierdie gevorderde tegnologie, in hierdie geval Internet en E-pos gebruik, te bekamp. Alhoewel alle werknemers nie toegang tot Internet en E-pos het nie, is daar wel personeel, hetsy Departementshoofde of ander personeel, met toegang en wat dit soms misbruik. Om die Raad te beskerm teen viktimisering, onnodige eise, virusse of misbruik word die volgende beleid daargestel.

2. Internet gebruik

- 2.1** Internet gebruik word beperk tot amptelike gebruik vir alle werknemers met toestemming per voorgeskrewe aansoekvorm (sien aanhangsel) deur die Departementshoof. Enige virusse wat opgetel mag word en enige gekrap aan rekenaars word streng verbied. Indien so 'n oortreding begaan word, sal dit lei tot dissiplinêre aksie.
- 2.2** Leërs wat van die Internet afgelaai word moet eers met virus opspoorders sagteware "gescan" word voordat installering plaasvind. Alle voorsorg maatreëls moet getref word om virusse op te spoor en die verspreiding daarvan te voorkom. Die Raad behou die reg voor om sagteware te installeer wat sal bepaal wie en hoeveel tyd op Internet spandeer word.
- 2.3** Werknemers mag nie Raadseiendom (kopiereg sagteware, interne korrespondensie, ens.) op enige publieke toegang Internet rekenaar plaas sonder die nodige toestemming nie.
- 2.4** Alternatiewe Internet Diensverskaffers konneksies as die Raad se interne netwerk, word nie toegelaat nie indien nie goedgekeur en goed beskerm is deur 'n gepaste sekuriteitstoestel nie.
- 2.5** Die besoek van Pornografiese tuisblaaie op die Internet word streng verbied. Geen Werknemer of Raadslid word toegelaat om tuisblaaie met pornografiese materiaal te besoek nie. Seksuele Teistering word in 'n baie ernstige lig beskou en daarom is dit hierdie Raad se beleid dat alle moontlike Seksuele Teistering voorkom moet word. Oortreding aan hierdie klousule sal lei tot dissiplinêre aksie.
- 2.6** Die Internet waarborg nie privaatheid en konfidensialiteit van inligting nie. Sensitiewe materiaal wat oor die Internet versprei word, loop die risiko om deur 'n derde party opgetel / gelees te word. Werknemers moet versigtig wees wanneer sulke materiaal versprei word.
- 2.7** Indien anders gestel, moet alle sagteware op die Internet as kopiereg werk / materiaal beskou word. Werknemers word verbied om sulke sagteware af te laai en / of veranderings aan sulke leërs aan te bring sonder die toestemming van kopiereg houer.

2.8 Enige indringende aktiwiteit deur 'n Werknemer sal die verantwoordelikheid wees van die Raad. Die Raad mag egter die Werknemer verantwoordelik hou vir sy / haar eie aksies.

2.9 Die Raad behou die reg voor om 'n Werknemer se rekenaarstelsel te inspekteer vir oortreding van hierdie beleid.

3. E-pos gebruik

3.1 E-pos word erken as 'n amptelike kanaal van kommunikasie by Hantam Munisipaliteit. Dit moet nie gebruik word om persoonlike E-pos te stuur nie.

3.2 Werknemers met toegang tot amptelike E-pos moet dit gereeld nagaan vir nuwe pos (ten minste drie keer 'n dag).

3.3 Geen pornografiese materiaal mag per E-pos gestuur word nie. Indien sulke materiaal ontvang word, moet Werknemers dit onmiddellik uitvee. Die Raad sal nie verantwoordelik gehou word vir enige Seksuele Teistering klagtes wat aanhangig gemaak kan word as gevolg van sulke materiaal wat vertoon of gelees word nie. Oortreding aan hierdie klousule sal lei tot dissiplinêre aksie.

3.4 Bevestiging dat E-pos gelees is, sal aanvaar word as bewys dat die dokument gelees is. Werknemers moet sorg dat 'n ontvangsbevestigingsbewys aan E-pos geheg word wanneer dit gestuur word.

3.5 Wanneer 'n boodskap 'n ontvanger moet bereik voor 'n sluitingsdatum, is dit die verantwoordelik van die sender om na te gaan of dit ontvang is voor die sluitingsdatum.

3.6 Nie teen staande enige stipulasie in hierdie beleid, mag amptelike instruksies nie per E-pos gestuur word nie, indien:

3.6.1 Vooraf toestemming verkry is nie;

3.6.2 Die gestuurde E-pos opgevolg word met die oorspronklike dokument om die geadresseerde te bereik voor die sluitingsdatum nie.

3.7 Werknemers moet dokumente aanheg as "attachments" en dit moet nie ingesluit wees as deel van die boodskap nie.

3.8 Die volgende aksies sal, buiten andere, ook beskou word as misbruik maak van E-pos en sal nie geduld word nie:

3.8.1 Die gebruik van E-pos om amptelike kanale te vermy as kommunikasie middel met bestuurspersoneel en / of ander personeel.

3.8.2 Die stuur van boodskappe aan elke persoon in plaas van een persoon wat dit kan versprei.

3.8.3 Die stuur van boodskappe deur die “carbon copy” (cc) funksie te gebruik in omstandighede waar dit nie nodig is om so ‘n boodskap per brief te stuur nie.

3.9 Die gebruik van E-pos om “junk mail” te stuur word streng verbied. Dit sluit in, maar word nie beperk tot:

3.9.1 Die stuur van privaat advertensies of ander bemarkingsmateriaal aan groepe mense;

3.9.2 Die stuur van kettingbriewe (chain letters). Die aan “alle personeel” verspreidingslys moet net gebruik word vir die verspreiding van boodskappe wat van toepassing is op alle personeel.

4. Toegang

4.1 Die munisipale bestuurder, departementshoofde en werknemers wat deur die munisipale bestuurder/departements hoofde gemagtig is, sal toegang tot die Internet en E-pos het.

4.2 In terme van die Organisatoriese Regte Ooreenkoms tussen SALGA, SAMWU en IMATU sal beide vakbonde se vakbondverteenvoordigers ook toegang tot die Internet en E-pos het via die gevolmagtigde persone en met die nodige voltooiing van die magtigingsvorm.

5. Op wie is hierdie beleid van toepassing

Hierdie beleid is van toepassing op alle personeel van Hantam munisipaliteit, kontrakwerkers ingesluit. Oortreding van enige klousule van hierdie beleid is onderworpe aan dissiplinêre aksie. Departementshoofde moet hierdie beleid aan elke personeellid in sy / haar afdeling verduidelik en hulle in kennis stel daarvan.

6. Aanhangsel: Magtigingsvorm vir Internet en E-pos gebruik

Sien aangeheg.

1.2 Die beleid sal die volgende aanspreek:

- Gesondheidsopvoeding
- Individuele regte
- Werknemersbeskerming
- Voorsiening van fasiliteite en dienste om werknemers aan te moedig om te volhard met die beleid.
- Om rokers en nie-rokers te akkommodeer om 'n aangename werksomgewing te skep.

1.3 Die beleid moet van toepassing wees op Raadslede, personeel en besoekers wat enige kantoor, voertuig of ander fasiliteite (soos per 2.1.2 (a) van die Hantam Munisipaliteit betree of gebruik.

2. **Beleidsinhoud**

Die Raad erken die reg van rokers om te rook binne werksure met oorbehoud dat produktiwiteit nie ingeboet word nie.

2.1 Die rookbeleid van die raad sal die volgende behels:

2.1.1 Opvoeding- en inligtingsprogramme sal voorsien word aan alle personeel wat insluit:

- die gevolge van rook op die gesondheid.
- voordele van 'n beleid.
- die tydskedule in die toepassing van die beleid.

2.1.2 Veranderinge in die werksomgewing aan te bring wat die volgende insluit:

- (a) In alle werkplekke spesifieke areas as nie-rokers sones aan te wys, soos
- Kantore en raadsvoertuie
 - Biblioteke waar brandgevaar mag ontstaan
 - Areas waar toerusting beskadig mag raak bv. Rekenaar- en kopieërkamers
 - Argiewe en stoorplekke
 - Eet- en ontspanningskamers

- (b) Dat die volgende areas as rookareas gebruik mag word:

Buite alle munisipale geboue en werksplekke

- (c) Werkplekke behoort rook-vry te wees. Dit is nodig reg aan die begin van die implementering van die program vir die gesondheid en gerief van nie-

rokers. Dit sal aan die werkerskorps bewys dat die Raad hom verbind tot die toepassing van die beleid.

- (d) Rook areas moet voorsien word om rokers te akkommodeer ook onderhewig aan voorskrifte deur die wetgewing.
- (e) Gesondheidsvoorligting programme vir die werknemers wat wil ophou rook bv. Self-help, en berading, staak rook idees, om eerder ondersteunend te wees om strafmaatreëls toe te pas.

3. Implementering van die beleid:

Goeie kommunikasie met die personeel is belangrik vir die uitvoering van die beleid.

- Bespreek die beleid op 'n deurlopende basis op departementele- en personeelvergaderings.
- Ontwerp toepaslike kennisgewings en plaas op kennisgewingborde in kantore en ander nie-rook areas.
- Weens die feit dat die raad nie kantore beskikbaar het nie kan daar nie 'n rookarea beskikbaar gestel word nie. Indien egter een van die kantore wat vakant raak weens die verskuiwing van personeel na die Kommandokantore beskikbaar raak, kan dit ingerig word as 'n rookarea.

4. Verantwoordelikhede en toepassing van beleid:

- (a) Alle Departementshoofde sal verantwoordelik wees vir die beleid binne hul onderskeie departemente.
- (b) Die Raad moet iemand aanwys by wie griewe met betrekking tot die beleid gelig kan word.

5. WAARNEMING EN SKAARSHEIDSTOELAE

1. 'n Waarnemingstoelaag word aan 'n werknemer betaal vanaf die 10 de agtereenvolgende dag wat hy/sy waarneem. Die persoon in wie se pos waargeneem word moet afwesig wees met verlof en waarneming word nie betaal as die persoon weg is vir 'n kursus of vir 'n vergadering nie. Persoon wat waarneem moet alle verantwoordelikhede verbonde aan 'n hoër pos op hom/haar neem. Die waarnemingstoelaag is gelykstaande met die verskil tussen sy salaris en die aanvangskerf van die salarisskaal van die pos waarin hy/sy waarneem.

Drywers of ander persone wat waarneem as operateurs sal waarneming betaal word op die hoogste kerf van die betrokke posvlak (met ander woorde operateursvlak)

Amptenare bv. arbeiders wat aflos as drywers moet 'n waarnemingstoelae na drywer betaal word vir elke dag wat hulle waarneem.

Vanaf 1 Maart 2011 word 'n skaarsheidstoelae goedgekeur van 10% van 'n elektrisiën se salaris. Die toelae is geldig vir twee jaar waarna dit weer hersien sal word.

Werknemers wat waarneem as meterleser sal vanaf 1 Januarie 2011 'n waarnemings toelae volgens die verskil tussen die betrokke werknemer se salaris en die salaris van die meterleser betaal word.

2. Waarneming in 'n hoër pos geskied gewoonlik wanneer 'n amptenaar afwesig is met:
- Vakansieverlof,
 - Siekteverlof,
 - Kraamverlof,
 - Die ontstaan van 'n vakante betrekking weens bedanking, afdanking, uittrede, sterfte, herstrukturering of ander dergelike omstandighede.
3. Om onduidelikheid wat mag bestaan oor die delegering van pligte rakende waarneming deur 'n amptenaar in 'n hoër pos, asook die betaling van 'n waarnemingstoelaag wat betaalbaar word tydens sodanige waarneming, word die volgende daargestel:

Pos waarin waargeneem word	Aanstelling gedoen deur
1. Munisipale Bestuurder	1. Raad: (1. I.G. Valentein; 2. B.W. Meyer; 3. A Bergh; 4. JR van Wyk.)
2. Departementshoofde	2. Munisipale Bestuurder
3. Ander werknemers	3. Departements hoofde
4. <u>Departement Finansies</u>	4. Hoof Finansiële Beampte
Dat die werkklas verbonde aan die Hoof Finansies verdeel word tussen die drie rekenmeesters en die waarnemingstoelae verbonde aan die Hoof Finansies verdeel word soos volg: 40% aan mnr. Langner en 30% elk aan mnre. Basson en Fourie.	
5. <u>Departement Institusioneel</u>	5. Hoof Institusionele Ontwikkeling
Dat in die afwesigheid van mnr. A. Bergh:	
1. Me. G.M.J. Lock	
2. Mnr. R.J. Retief	

<p>6. <u>Departement Sosiaal</u></p> <p>In die agwesigheid van mnr. van Wyk:</p> <p>1. Mnr. SP Loubser, 2. Me. M.J.M. van Tonder</p> <p>7. <u>Departement Infrastruktuur</u></p> <p>In die agwesigheid van mnr. Meyer:</p> <p>1. Mnr. B. Leukes 2. Mnr. J. Nel</p>	<p>6. Hoof Sosiale Ontwikkeling</p> <p>7. Hoof Infrastruktuur Ontwikkeling</p>
--	--

6. OORTYD

Die volgende beleid tov oortyd word daargestel:

- i) Dat alle amptenaar vanaf posvlak 14 tot posvlak 4 sal betaal word vir enige oortyd gewerk in ooreenstemming met die voorskrifte van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, soos gewysig, waarvoor daar vooraf die nodige toestemming verkry is.
- ii) Dat Departementshoofde wat oortyd gewerk het kwalifiseer vir 8 dae per jaar spesiale verlof vir oortyd gewerk;
- iii) Dat ander amptenare wat nie vir i) en ii) kwalifiseer nie, geregtig is op 5 dae spesiale verlof vir oortyd gewerk (m.a.w. amptenare op posvlak 2 tot 3);
- iv) Bogenoemde verlof is nie oordraagbaar nie en moet in dieselfde boekjaar geneem word;
- v) Departementshoofde moet rekord hou van oortyd gewerk en aantal dae verlof geneem.
- vi) Calvinia biblioteekpersoneel wat langer ure werk as ander amptenare is geregtig op 5 dae spesiale verlof.

7. STUDIEHULP

Hantam Munisipaliteit is 'n regstellende aksie werkgewer. Gelyke geleentheid word aan alle werknemers gebied om indiens opleiding te ontvang.

1. Doel

Die doel van Hantam Munisipaliteit se studiehulpbeleid is om werknemers die geleentheid te gee om verdere opleiding te ontvang binne sekere riglyne. Hierdie hele beleid is onderworpe aan fondse wat Hantam Munisipaliteit vir studiehulp beskikbaar stel. **Kursusse moet geakkrediteer wees by SAQA**

'n Komitee bestaande uit die Burgemeester, Munisipale Bestuurder en Hoof Finansiële Beampte sal die aansoeke vir hulpverlening evalueer en goed of afkeur.

2. Studiehulp voorwaardes

- 2.1 Studiehulp word slegs aan werknemers van Hantam Munisipaliteit toegestaan. 'n Aansoekvorm moet voltooi word.
- 2.2 Werknemers moet bewyse van registrasie en toelating voorlê aan die raad.
- 2.3 Studiehulp aan werknemers sal slegs toegestaan word vir opleiding wat beroepsgerig is en vir die spesifieke studierigting en –instansie soos aangedui op die aansoekvorm.
- 2.4 Studiehulp word toegestaan vir registrasie- en klasgelde tot 'n maksimum van R 6 500-00. p.j.
- 2.5 Boek-, reis- en verblyfgelde sal nie deur studiehulp betaal word nie.
- 2.6 Afhangende van die finansiële posisie van die raad, sal studiehulp slegs toegestaan word as werknemers voor 28/29 Februarie die vorige jaar aansoek doen om studiehulp om die raad die geleentheid te bied om vir die uitgawe te begroot.
- 2.7 Studiehulp word op 'n jaar-tot-jaar basis toegestaan. Werknemers moet jaarliks aansoek doen by voortsetting van studies.
- 2.8 Die raad behou die reg voor om in sekere omstandighede studiehulp te kansleer en betaling van gelde te staak wanneer:
 - 2.8.1 onbevredigende akademiese resultate;
 - 2.8.2 swak bywoning van klasse;
 - 2.8.3 wangedrag en
 - 2.8.4 die finansiële posisie van die raad verswak en studiehulp nie meer aangebied kan word nie.
- 2.9 Die raad behou ook die reg voor om die volle bedrag van die toekenning terug te eis in die geval waar studies gestaak word of indien die studiejaar onsuksesvol is en indien die applikant diens wil verlaat sonder behoorlike en/of billike gronde voordat die tydperk in 4 verstreke is, tensy dit as gevolg van onvermoë weens siekte of ongeskiktheid is . Die beurshouer sal slegs van sy/haar verpligtinge onthef word op mediese gronde, ongeskiktheid of afsterwe en die verpligtinge verval vanself sodra die beurshouer sy verpligtinge kragtens paragraaf 4 nagekom het.
- 2.10 Applikante moet amptelike kwartaallikse/semester verslae/uitslae aan die raad en of die betrokke Departementshoof voorlê voordat uitbetalings gedoen sal word.

- 2.11 Indien 'n werknemer onsuksesvol is en 'n jaar of sy/haar studie herhaal, sal dit vir die werknemer se eie rekening wees, waarna verdere studiehulp in heroerweging geneem sal word wanneer aansoek gedoen word.
- 2.12 Die beurshouer sal toegelaat word om op sy/haar eie onkoste geskeduleerde lesings , seminare, wekswinkels en /of studietoere by te woon, indien nodig , gedurende amptelike werksure.
- 2.13 Die raad sal poog om jaarliks 5 amptenare te help om kode 10 bestuurderslisensies te verkry. Die raad sal in toekoms ook net amptenare help wat ons in werksverband kan gebruik. Meterlesers benodig bv. 'n kode 8 lisensie en nie 'n kode 10 lisensie nie en sal dus net gehelp word om 'n kode 8 lisensie te bekom. Die raad betaal ook net een keer vir twee lesse en toets vir lisensie.
- 2.14 Voorkeur sal verleen word vir studente wat aansoek doen om te studeer vir elektrisiëns.

3. Kriteria by die toekenning van studiehulp aan werknemers

- 3.1 Die applikant moet oor die nodige potensiaal beskik ten opsigte van die betrokke kursus wat hy/sy wil volg – persone met swak rekords sal nie oorweeg word nie.
- 3.2 Werknemers wat aan 'n Universiteit, Technikon, Tegniiese Kollege en ook deur 'n korrespondensie kursus wil studeer, sal die geleentheid kry om aansoek te doen.

4. Verpligtinge

- 4.1 Voltydse en deelydse studie: beurshouers sal hul verpligtinge aflos deur diens aan die Munisipaliteit terug te werk op die basis van een tot vyf jaar (soos deur die raad bepaal sal word) vir studies voltooi, waarvoor studiehulp ontvang is.
- 4.2 'n Kontrak sal met alle studente gesluit word waar die raad die studiefondse betaal, anders word die skenking omskep in 'n studielening.

5. Kursus- en instansieverandering

- 5.1 Studiehulp applikante kan nie outomaties hul toekenning oordra indien hulle van kursus of instansie verander nie.
- 5.2 Die raad sal alleenlik toestemming kan verleen indien skriftelik toestemming gevra word om van kursus of instansie te verander en die raad van die noodsaaklikheid daarvan oortuig is.
- 5.3 Indien kursus- of instansieverandering sonder die nodige toestemming van die raad plaasvind, sal die toekenning gekanselleer word.

6. Nie-toelating tot studie-instansie

- 6.1 Indien suksesvolle studiehulp applikante nie toelating tot die kursus/instansie, aangedui op die aansoekvorm, verkry nie, verval die toekenning.
- 6.2 Aansoek sal weer vir die volgende jaar gedoen moet word.

7. Verlof

- 7.1 Werknemers sal geregtig wees op verlof vir studie doeleindes soos vervat in die diensvoorwaardes van die raad en/of Verlofregulasies, soos gewysig van tyd tot tyd.
- 7.2 Werknemers moet 'n afskrif van klasse en eksamenrooster aan die raad voorsien.

HOOPSTRAAT
 P/SAK X 14
 CALVINIA 8190

TEL: 027 3418500
 FAKS: 027 3418501



AANSOEK OM STUDIEHULP

Beantwoord asseblief alle vrae in u eie handskrif. Waar nodig moet die toepaslike blokkie met 'n kruisie (x) gemerk word. Die inligting is streng vertroulik. Voltooi volledig asseblief.

Titel (bv mnr, mev, ens) Van

VoornameNoemnaam.....

Posadres Poskode

Woonadres Poskode

Tel (huis) kode nr(werk) kode nr

Vir watter akademiese jaar doen u aansoek?

1. PERSOONLIK

- 1.1 Geboortedatum
- 1.2 Identiteitsnommer
- 1.3 Huwelikstatus (Ongetroud / Getroud / Wewenaar / Weduwee / Geskei)
Datum van bogenoemde
- 1.4 Afhanklikes (kinders en ander – meld ouderdomme)
.....

2. KWALIFIKASIES

2.1 *Hoogste Skoolkwalifikasies*

- (a) Plek
- (b) Standaard geslaag..... (c) Jaar

2.2 *Naskoolse Kwalifikasies reeds behaal (Indien enige)*

A

Naam van Instituut / Instansie	
Jaar	
Kwalifikasies Behaal	

B

Naam van Instituut / Instansie	
Jaar	
Kwalifikasies Behaal	

C

--	--

Naam van Instituut / Instansie	
Jaar	
Kwalifikasies Behaal	

2.3 **Naskoolse Kwalifikasie waarvoor studiehulp aansoek gedoen word**

Naam van Instituut / Instansie waar u wil studeer of reeds studeer			
Vir watter kursus doen u aansoek/versoek u studiehulp?			
Hoe lank duur die kursus?			
Jaar van eerste inskrywing. Indien van toepassing.		Studente- nommer	
Jare reeds voltooi (indien enige, heg uitslae aan)			
In watter akademiese jaar is u tans			
Het u enige jaar herhaal		Wanneer	
Dui die vakke aan wat u gaan volg			
NB!! HEG ASSEBLIEF BEWYS VAN TOELATING EN JONGSTE UITSLAE AAN			

2.4 **Beraamde koste van kursus vir die jaar**

Registrasiegelde	
Klasgelde	
Bokegelde	
Reisgelde	
Verblyfgelde	
TOTALE BEDRAG	

* Slegs registrasie- en klasgelde word betaal in ooreenstemming beleid (klousule 2)

2.4 Studiehulp inligting

Het u al voorheen aansoek gedoen om studiehulp by Hantam Munisipaliteit?	Ja	Nee
Was dit suksesvol?	Ja	Nee
Watter jaar?		
Kry u enige ander studiehulp?		
By watter instansie?		
Hoeveel is die bedrag?		

3. WERKSBERONDERHEDE VAN AANSOEKER

Pos wat u tans beklee?	
In watter Afdeling / Departement	
Bruto salaris	
Netto salaris	

4. **VERKLARING**

Ek verstaan dat alle inligting wat ek aan Hantam munisipaliteit verskaf het en in besonder die inligting wat ek hierin verskaf het, die basis sal vorm van enige goedkeuring wat Hantam munisipaliteit my mag aanbied en dat Hantam munisipaliteit die reg het om my studiehulp te beeindig indien inligting onjuis of verswyg is.

HANDTEKENING _____ **DATUM** _____

NOTA Let asseblief daarop dat gunsverwing by Raadslede/Departementshoofde verbode is en kan veroorsaak dat 'n aansoek nie in aanmerking geneem word nie.

8. MIV/VIGS & SOS

1. ***Voorwoord:***

Hierdie Munisipaliteit:

- ⌘ erken die erns en gevaar van die MIV/VIGS pandemie;
- ⌘ streef na oplossings vir nagevolge wat dit mag hê op die ekonomie en ontwikkeling sowel as op amptenare/raadslede van die munisipaliteit;
- ⌘ verbind onself tot die daarstelling van bronne en leierskap om 'n MIV/VIGS en SOS program te implementeer.

2. ***Beginsels :***

Hierdie Munisipaliteit verklaar dat:

- ⌘ die beleid in konsultasie met amptenare/raadslede en hul verteenwoordigers ontwikkel en implementeer sal word;
- ⌘ amptenare/raadslede met MIV/VIGS dieselfde regte en voorregte geniet as ander amptenare/raadslede;
- ⌘ amptenare/raadslede met MIV/VIGS beskerm sal word teen diskriminasie;
- ⌘ 'n MIV status nie uitmaak as rede om 'n persoon te verhinder tot werks geleentheid;
- ⌘ geen amptenaar/raadslid sal verplig word om 'n MIV/VIGS toets te ondergaan nie. Sou 'n toets gedoen word op aanvraag van 'n amptenaar/raadslid, dit met hom/haar toestemming gedoen word gepaardgaande met berading;
- ⌘ vertroulikheid rakende die MIV status van 'n amptenaar/raadslid ten alle tye handhaaf word;

- ⌘ bestuur streef na die optimale produktiewe potensiaal van amptenare/raadslede; terwyl die kroniese sieke (diegene met MIV/VIGS of enige ander lewens gevaarlike toestand) in 'n regverdige en menswaardige manier behandel word.
- ⌘ Fundamenteel tot hierdie beleid is dat MIV ge-infekteerde amptenare/raadslede geen gevaar inhou deur die verspreiding aan mede-amptenare/raadslede deur gewone kontak binne die werkplek.

3. Verantwoordelikheid:

Dit is die verantwoordelikheid van die Hantam Munisipaliteit om die beleid tot uitvoer te bring.

Dit is die verantwoordelikheid van die Hantam Munisipaliteit in samewerking met DEPARTEMENTE en VAKBONDE om effektiewe opvoedkundige programme te implementeer, en bestuur om die nodige ondersteuning te bied.

MIV/VIGS & SOS Programme in die werkplek:

4. Koordinering en implementering:

Die Munisipaliteit sal 'n werksgroep aanwys wat:

- ⌘ kommunikeer met amptenare/raadslede rakende die beleid;
- ⌘ die Munisipaliteit se MIV/VIGS Programme ontwerp, implementeer, moniteer en evalueer;
- ⌘ adviseer bestuur rakende implementering van programme en vordering;
- ⌘ netwerking met die Distrik VIGS raad, B-munisipaliteits VIGS Rade, plaaslike VIGS organisasies en ander bronne in die gemeenskap; en
- ⌘ skepping van ondersteunende en nie-diskrimineerende werks omgewing.

5. Hantering van ge-infekteerde en geaffekteerde amptenare/raadslede:

MIV/VIGS sal hanteer word soos enige ander terminale siekte of gestremdheid.

6. Program komponente:

Die MIV/VIGS Programme van die Munisipaliteit bied aan amptenare/raadslede toegang tot:

- ⌘ informasie, opvoeding en kommunikasie aktiwiteite, insluitend materiaal en portuur opvoeding;
- ⌘ kondome;
- ⌘ gesondheids dienste vir die behandeling van SOS'e;
- ⌘ behandeling van opportunistiese infeksies vir ge-infekteerde amptenare, sowel as toetsing en beradings dienste;
- ⌘ beskermings middele vir amptenare/raadslede wat blootgestel kan word aan bloed of bloedprodukte; en

- ⌘ ondersteuning aan beide ge-infekteerde sowel ge-afekteerde amptenare/raadslede.

7. Beplanning:

Die Munisipaliteit sal op gereelde basis impak analyses doen om die verstaan te verkry van die groeiende pandemie en wat die impak gaan wees op die munisipaliteit; sy strukture; werksaamhede en funksies.

8. Werkers voordele:

8.1 Siekteverlof:

MIV infeksies sal hanteer word soos enige mediese probleem om siekte verlof te bepaal.

8.2 Mediese skemas:

Inligting kan verkry word by die munisipaliteit m.b.t. mediese voordele soos bepaal in die reëls en regulasies van mediese skemas.

8.3 Gesondheids Aftrede/Pensioen:

Wanneer 'n amptenaar/raadslid onbevoegd verklaar word vir werk weens gesondheidsredes; 'n aansoek wel ingedien kan word vir medies ongeschiktheid/vroeë pensioen.

Inligting kan ook verkry word m.b.t. reëls en regulasies vir gesondheids aftrede/pensioen.

8.4 Berading:

Die Munisipaliteit sal geskikte beradings- en ondersteunings dienste beskikbaar stel vir amptenare/raadslede wat geinfekteer/afekteer is met die virus.

8.5 Konfidensialiteit:

Alle voorsorg sal getref word om konfidensiële rekords en informasie te beskerm rakende amptenare/raadslede wat positief getoets word.

Geen amptenaar/raadslid word verplig om bestuur in kennis te stel van sy/haar status alhoewel die geleentheid homself kan voordoen waar 'n amptenaar/raadslid met toestemming sy toesighouer van sy status verwittig. Sodanige informasie MOET dan as konfidensieel hanteer word en nie bekend gemaak word sonder die amptenaar/raadslid se skriftelike toestemming.

8.6 Serologiese Toetsing:

- ⌘ MIV toetsing sal beskikbaar wees aan amptenare/raadslede wat bekommerd is oor hul gesondheid of risiko profiel.
- ⌘ MIV toetsing sal geoffer word aan pasiente wat hulself met SOS'e of TB aanmeld by klinieke.
- ⌘ MIV toetsing sal deel vorm van algehele voorgeboorte toetse van swanger vrouens met die nodige berading en toestemming
- ⌘ Dokters of verpleegkundiges kan 'n MIV toets offer aan kliente wat met suggestiewe simptome aanmeld om siekte toestande te bepaal.

9. Begroting:

Die Munisipaliteit sal soos finansies toelaat fondse beskikbaar stel vir die implementering vir verskeie aspekte van die program.

10. Interaksies met gemeenskappe:

Die Munisipaliteit sal elke geleentheid optimaal benut rakende interaksie met die gemeenskap om bydrae te lewer tot die missie en doelwitte van die Hantam Munisipaliteit MIV/VIGS Program sowel die Nasionale MIV/VIGS en SOS Program.

11. Interaksies met die Distrik VIGS Raad:

Die Munisipaliteit in die vorm van die Burgemeester, sal dien op die Distriks VIGS Raad indien daartoe versoek, om samewerking te bewerkstellig in die Regering se reaksie teen die pandemie.

12. Monitering/Evaluering:

Monitering betrekkende die frekwensie van Seksueel Oordraagbare Siektes word deur klinieke gedoen.

13. Beleids Hersiening:

Hierdie beleid sal op gereelde basis hersien word met inagneming die progressie van die pandemie, verwickelinge in die mediese veld sowel ondervinding in die bestuur van die siekte in die werksplek.

14. Abbreviations:-

MIV	-	Menslike Imuniteitsgebrek Virus
VIGS	-	Verworwe Immuniteits Gebreks Sindroom
SOS	-	Seksueel Oordraagbare Siektes
TB	-	Tuberkulose

15. Verklaring van sekere woorde:- (volgens HAT):-

Pandemie	-	siekte wat hom baie gou oor 'n hele land of groter gebied versprei
Diskriminasie	-	onderskeid by behandeling veral 'n onbillike onderskeid
Berading	-	oorleg, ernstige nadink ('n proses van psigiese heling)
Kroniese siekte	-	Hartversaking/long siektes (lantermyn)
Terminale siekte	-	Kanker/TB ens. d.w.s. siekte met lewensduurte van jaar +-
Opportunistiese siekte	-	griep/longonsteking/toevallige infeksies a.g.v. virus (HIV)
Suggestiewe simptome	-	verwarende of onseker beeld van 'n persoon se toestand
Ge-inffekteerde persoon	-	iemand wat met MIV besmet is
Ge-afekteerde persoon	-	iemand wie se familielid, vriend, kollega, ens. met MIV besmet is

9. DELEGERING VAN BEVOEGDHEDE

'n Delegasie of instruksie kan die bevoegdheid insluit om 'n gedelegeerde bevoegdheid te subdeleger, maar dit ontdoen nie die Raad van die verantwoordelikheid rakende die uitoefening van die bevoegdheid of die nakoming van die plig nie; en moet hersien word wanneer 'n nuwe raad verkies word. (*Art 32 (2) (d), (e) en (f), Stukture Wet*).

'n Munisipale Raad kan ooreenkomstig sy prosedures in sy reëls en orders, en moet op skriftelike versoek van minstens een kwart van die raadslede, enige besluit hersien wat deur 'n komitee of funksionaris voortspruitend uit 'n delegasie of opdrag geneem is, en onderworpe aan enige gevestigde regte die besluit bevestig, wysig of intrek; en van sy uitvoerende komitee of uitvoerende burgemeester vereis om enige besluit geneem deur 'n komitee of funksionaris voortspruitend uit 'n delegasie of opdrag, te koördineer of te hersien. (*Art 32 (3) (a) en (b) Stukture Wet*)

1. BEVOEGDHEDE/FUNKSIES WAT NIE DEUR 'N MUNISIPALE RAAD GEDELEGEER MAG WORD NIE:

1.1 soos per Grondwet, Hoofstuk 7 art. 160 (2)

- aanname van verordeninge
- goedkeuring van begrotings
- oplegging van eiendomsbelasting en ander belastings, heffings en regte
- verkryging van lenings

1.2 soos per Art 30 (5) (c) van Strukture Wet

- die aanstelling en diensvoorwaardes van die munisipale bestuurder en 'n hoof van 'n departement van die munisipaliteit
- goedkeuring van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan en enige wysigings daaraan

2. DIE VOLGENDE GEDELEGEERDE MAGTE WORD GOEDGEKEUR:

2.1 Delegasies aan Uitvoerende Burgemeesterskomitee:

Geen Uitvoerende Burgemeesterskomitee nie

2.2 Delegasies Aan Munisipale Bestuurder:

- daarstel van eenvormige standarde vir kapasiteitsbou binne munisipale administrasies (*Art 72(1) (a) (iv), Stelsels Wet*)
- keuring en die aanstelling van persone as personeellede (Posvlakke 4 tot 14) (*Art 67, Stelsels Wet*)
- *Goed/Afkeuring van verlof van Departementshoofde*
- die vordering teen sleutel prestasie-aanwysers meet; (*Art 44 (3) (b), Strukture Wet*)
- die prestasie van die munisipaliteit hersien ten einde ekonomie, doeltreffendheid en effektiwiteit, kredietkontrole, inkomste/skuldinvoeringsdienste en die munisipaliteit se verordeninge te verbeter. (*Art 44 (3) (c), Strukture Wet*)
- Die bestuur van die munisipaliteit se administrasie ooreenkomstig die beleidsvoorskrifte van die munisipale raad monitor (*Art 44 (3) (d), Strukture Wet*)
- Toesig hou oor die voorsiening van dienste op 'n volhoubare wyse aan gemeenskappe in die munisipaliteit (*Art 44 (3) (e), Strukture Wet*)
- Magtiging om kontrakte en ooreenkomste namens die Raad te onderteken
- Die goedkeuring van geleentheids- en jaarlikse verlof
- Goedkeuring vir die hou van optogte
- Goedkeuring vir die bywoning van kongresse en vergaderings buite die munisipaliteit
- Goedkeuring van verhuring van raadswonings aan personeel
- Onthaal van sekere persone op Raadskostes.

2.3. DIE VOLGENDE DELEGASIES KAN DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER IN OORLEG MET DIE DEPARTEMENTSHOOFDE GEDOEN WORD:

2.3.1 Delegasies Aan Hoof Institusionele Ontwikkeling

(art 67 van Stelsels Wet)

- die werwing en keuring van persone as personeellede
- goed/afkeuring van verlof van personeel
- diensvoorwaardes van personeel
- toesighouding en bestuur van personeel
- 2.5.2 Shopstewards moet hulle vergaderings op dieselfde dae as raadsvergaderings hou. Shopstewards kan gratis saam met raadslede of amptenare ry maar is nie geregtig op die toelae of gratis middagete nie.
- 2.5.3 Eise moet by betrokke hoofde ingedien word wat dit verifieer en deurgee aan die finansiële afdeling vir prosesering.

2.6 Algemeen

Indien reis en verblyfkostes aan werknemers betaal word en hulle vroeër terugkeer as wat aanvanklik op hul eisvorms aangedui is moet die hoofde van die betrokke departemente toesien dat terugbetalings aan die finansiële afdeling gedoen word.

2.7 Parkering , Bus-of Taxifooie

Die maksimum wat kan geëis word is gekoppel aan die voorlegging van bewyse

2.8 Internasionale reise

Die vlugkaartjie sowel as die verblyf word deur die munisipaliteit gedra indien die betrokke instansie nie dit self betaal nie. Persone ontvang verder 'n dagtoelaag van \$60 dollars gekoppel aan wat die heersende wisselkoers op daardie stadium is.

Dat die vervoerkostes van die CDW's slegs deur die raad betaal sal word mits dit vir amptelike doeleindes/opleiding van die Departement van Behuising en Plaaslike Regering is.

Dat die raad nie verantwoordelik gehou kan word vir vervoerkostes van die CDW's wanneer hul deur ander Staatsdepartemente gebruik word vir opleidingsprogramme nie.

2.9 Studietoere

Vir studietoere moet raad eers vooraf toestemming verleen. Die raad moet ook besluit oor hul bydrae en verantwoordelikhede ten opsigte van vergoeding

17. PLASINGSBELEID

HANTAM MUNISIPALITEIT

PLASINGSBELEID

7. Inleiding

Die amalgamasieproses het nuwe uitdagings tot gevolg vir die nuwe munisipaliteite. Een hiervan is om 'n personeelstruktuur wat verband hou met die verskillende funksies en magte van elke munisipaliteit, die lig te laat sien. 'n Nuwe personeelstruktuur is deur die Hantam munisipaliteit ontwikkel en aanvaar en is

geskoei op die beginsel strategie bepaal struktuur'. Dit opsigself is gebasseer op die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (IDP). Noodwendig sal daar nuwe aanstellings en posplasinge met groot en geringe impak, sowel as onveranderde poste wees. Om hierdie proses te fasiliteer is onderstaande beleid ontwerp om deursigtigheid, gebalanseerdheid en regverdigheid te verseker.

8. Doelwitte

Die doelwitte van die Plasingebeleid is soos volg:

- Om 'n ordelike en ononderbroke dienslewering te verseker;
 - Om 'n regverdigte prosedure te ontwikkel wat botalligheid, eise en dispute sal minimaliseer;
 - Om die doelwitte van die Vaardigheidsontwikkelingswet en die Gelyke Indiensnemingswet te bevorder.

9. Beginnels

- Werksekerheid en behoud van bestaande vaardighede sal prioriteit wees. Dit beteken dat bestaande personeel voorkeur sal geniet by aanstellings in die nuwe personeelstruktuur.
- Gelyke indiensneming is 'n prioriteit ten einde die verdere doelwitte van 'n gelyke verteenwoordigende werksplek te verseker. Werknemers van voorheen benadeelde groepe sal voorkeur in selektiewe plasinge geniet.
- Die beginsel van 'struktuur volg funksie/strategie' sal geld.
- Werknemers wat waarneem in enige posisie het geen eis om in daardie poste geplaas te word nie.
- Hierdie prosedure sal 'n hoë vlak van werknemer betrokkenheid verseker sowel as deelname in terme van konsultasie.
- Binne die Plasingekomitee moet al die rolspelers verseker dat die toepassing van die Plasingebeleid effektief geskied.
- Plasinge beteken nie noodwendig 'n bevordering nie en pariteit word nie mee gehandel in die plasingeproses nie.

10. Direkte en selektiewe plasinge

Direkte plasing is die proses van aanstelling van 'n werknemer direk in dieselfde of soortgelyke pos. Selektiewe plasing is die proses van seleksie van 'n werknemer om aangestel te word in 'n pos waar meer as een werknemer in sodanige pos geplaas kan word.

11. Plasingekomitee

Die Plasingskomitee sal bestaan uit 5 werkgewervertenwoordigers en 5 vakbondvertenwoordigers. Die Raad sal die 5 werkgewervertenwoordigers aanwys. Samwu sal 4 lede aanwys en Imatu 1 vertenwoordiger.

Die Plasingskomitee is 'n forum vir konsultasie en die partye moet dit nie as 'n forum van onderhandeling gebruik nie.

12. **Magte en funksies van die Plasingskomitee**

Dit is om:

- 'n vaardigheidsoudit van alle personeel te doen
- poste te kategoriseer
- personeel te plaas
- kennis te gee aan individuele personeel van hul nuwe plasing
- verslag aan die Raad te doen

13. **Besware**

Enige werknemer sal die reg hê om skriftelik beswaar aanhangig by die Raad aan te teken, in gevalle waar sodanige werknemer nie tevrede met sodanige plasing is nie. Die werknemer moet binne 14 dae van ontvangs van kennisgewing van die Plasingskomitee sy/haar beswaar aanteken.

Die Raad sal op sy beurt 14 dae hê om die beswaar te hanteer, alternatiewe te oorweeg en 'n besluit te neem. Die besluit van die Raad is finaal.

14. **Kategorieë van poste**

Vir die doeleindes van plasing moet die Plasingskomitee alle poste kategoriseer in:

- Onveranderde poste: hierdie poste sal geen veranderinge hê in hul geskeduleerde pligte of geografiese ligging nie.
- Poste met min veranderinge: dit is poste waar min veranderinge voorkom in terme van pligte wat geen materiële effek sal hê op die verantwoordelikeheidsvlak nie. Dit kan selfs beteken dat slegs die posbenaming verander sonder enige verandering in pligte.
- Poste met drastiese veranderinge: dit is poste wat drastiese veranderinge ondergaan het in terme van hul pligte en verantwoordelikhede. Dit noodsaak dat die pos ge-evalueer moet word.

- Nuwe poste: dit is poste wat pligte en verantwoordelikhede het wat glad nie in enige vorm binne die vorige postestruktuur bestaan het nie.

15. Kriteria vir plasing

- Mense volg funksies: die toepassing van hierdie beginsel beteken dat werknemers nie beweeg word van een geografiese ligging na 'n ander, sonder die funksie wat die werknemer beklee, wat so 'n beweging noodsaak.
- Voorkeur aan bestaande personeel: elke poging moet aangewend word om die bestaande werknemers in poste te plaas, wat in die nuwe organogram voorkom. Werknemers sal geplaas word in die strukture op 'n permanente basis.
- Onveranderde poste: werknemers sal direk geplaas word in hierdie poste in die nuwe organogram.
- Poste met min veranderinge: werknemers sal direk geplaas word in hierdie poste in die nuwe organogram.
- Poste met drastiese veranderinge: plasing sal gedoen word op 'n basis van die mees geskikte persoon vir die pos.
- Nuwe poste: hierdie sal beide intern sowel as ekstern adverteer word en aanstellings sal gemaak word in terme van die aanstellingskriteria.
- Selektiewe plasing: waar meer as een werknemer in 'n posisie geplaas word sal gelyke indiensnemingsbeginsels geld.
- Operasionele vereistes: 'n werknemer wat 'n posisie aan hom/haar toegedeel weier, selfs na die besluit van die Raad, sal teen opgetree word in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995 artikel 189, met spesifieke verwysing na ontslag gebaseer op bedryfsvereistes.

18. LANGDIENSBONUSSE

- 1 Werknemer is geregtig op langdiensbonus na 10 jaar en daarna elke 5 jaar. (Staatskoerant no.10521 gedateer 21 November 1986.)
- 2 Geen opeenhoping van verlof word toegelaat en 'n werknemer moet hierdie voordeel hetsy die aantal werksdae of die eenmalige betaling opneem binne 'n bestek van 3 maande nadat hy/sy daarvoor kwalifiseer.
- 3 Werknemers moet op die voorgeskrewe vorm aandui watter opsie hulle verlang met betrekking tot die langdiensbonus en dit deurgee aan die finansiële afdeling.
- 4 Is betaalbaar tesame met die salaris.

19. MOTORSKEMA

1 GEBIED EN TOEPASSINGSBESTEK VAN OOREENKOMS

Hierdie is 'n ooreenkoms vir toepassing binne die jurisdiksiegebied van die Hantam Munisipaliteit vir amptenare op die permanente diensstaat.

2. GEDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS

Hierdie ooreenkoms is van krag vir 'n tydperk wat die deelnemende amptenaar in diens van die munisipaliteit is en aan die vereistes van hierdie Ooreenkoms voldoen.

3 WOORDOMSKRYWINGS

Vir die doeleindes van hierdie ooreenkoms is die volgende woordomsrywings van toepassing en beteken:

3.1 “Deelnemer”

Verwys na die amptenaar wie die byvoordeel kan gebruik ten opsigte van die vervoertoelaagskema.

3.2 “Gesubsidieerde voertuig

Verwys na 'n voertuig van amptenaar wie deelneem aan die vervoertoelaagskema van die munisipaliteit.

3.3 “Munisipaliteit”

Waar hierdie woord gebruik word verwys dit na die Hantam Munisipaliteit.

3.4 “Salaris”

Enige salaris, loon, toelae, bonus en enige ander geld wat aan of ten behoeve van 'n amptenaar as besoldiging vir sy/haar diens betaal word, uitgesonderd 'n betaling kragtens 'n behuising of vervoertoelaagskema. (sien Staatskoerant No 5529 , Mei 1994)

3.5 “Skema”

Verwys na die vervoertoelaagskema van die munisipaliteit.

3.6 “Werksplek”

Die kantoor (dorp) waaruit die amptenaar van hierdie munisipaliteit sy/haar werk verrig en reël.

3.7 “Vervoertoelaagkema”

Die Skema ten opsigte van motortoelaag ooreenkoms wat bestaan tussen die munisipaliteit en sy amptenare.

4. **KLASSIFISERING VAN VERVOERTOELAE**

Vaste vervoertoelaag
Essensiële toelae
Ad hoc vervoertoelaag

4.1 **VASTE VERVOERTOELAAG**

4.1.1 *Vereistes*

Amptenare op posvlak 1 en 2 kwalifiseer asook die Munisipale Bestuurder (kontrakaanstelling)
Amptenaar moet in besit wees van ‘n geldige rybewys.

4.1.2 *VOERTUIGTOELAAG*

Bogenoemde amptenare se toelaag sal bereken word teen 20% tot 25% van hul jaarlikse alsinsluitende pakket.

4.1.3 *Loop koste komponent*

Loop koste ter sprake word verkry vanaf die AA Tariewe.

4.1.4 *Toelaag bepalings*

Die vaste vervoertoelae is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

Amptenare wie deelneem aan hierdie skema moet daagliks ‘n voertuig beskikbaar het tydens werksure om sodoende amptelike pligte uit te voer.

Huis na werk sowel werk na huisritte kom nie in berekening vir hierdie toelaag nie.

Deelnemer aan skema vergesel ander amptenaar binne of buite jurisdiksie gebied vir amptelike doeleindes – maak gebruik van deelnemer se voertuig.

Deelnemer aan skema vergesel raadslid binne of buite jurisdiksie gebied vir amptelike doeleindes – maak gebruik van deelnemer se voertuig behalwe as toelaag van raadslid minder is as die van die amptenaar, dan kan van raadslid se voertuig gebruik gemaak word.

In geval van swak padtoestande – deelnemer aan motorskema word verplig om getekende ritmagtigingsbrief te verkry vanaf Munisipale Bestuurder of gedelegeerde, om gebruik te maak van 'n munisipale bakkie of 4x4 voertuig.

Sou 'n deelnemer aan hierdie skema nie die voorwaardes ten alle tye nakom nie moet die Finansiële Bestuurder die aangeleentheid skriftelik aan die Munisipale Bestuurder rapporteer.

4.2 **ESSENSIËLE VERVOERTOELAAG**

Berekening van toelaag

Die munisipaliteit betaal maandeliks 'n toelaag aan amptenary wat in die skema deel. Amptenare moet minimum 850 km per maand reis om toelaag te verdien. Indien 'n amptenaar met jaarlikse verlof is, word sy toelaag op die minimum bereken. (Slegs een keer per jaar). Indien 'n amptenaar met siekverlof is kry hy dan 40 km per dag wat bydra tot sy toelaag.

(Die Raad moet besin oor die Boubeheerbeampte en adj Hoof Verkeer en Rampbestuur aangesien hul meer administratiewe werk het om te verrig en nie maandeliks 850 km kan ry nie.)

Die tarief (totale vaste- en loopkoste) vir die basiese ooreengekome afstand wat aan 'n amptenaar toegeken word, word aan die amptenaar betaal vir reise binne sy werkplek, vir reise buite sy werkplek, moet die amptenaar vergoed word ooreenkomstig die goedgekeurde tarief vir totale loopkoste vir die werklike afstand afgelê.

4.2.1 *Vaste koste komponent*

Vir die doel van hierdie skema word die vaste koste komponent bereken teen R5.20 en word daarna jaarliks verhoog soos per salaris persentasie verhoging. Hierdie bepaling word na elke 3 jaar hersien.

Amptenare wat deel in die skema is: Superintendent van Werke
Voormanne
Elektrisiëns

	Boubeheer beampte Adj Hoof Verkeer en
Rampbestuur	
	Verkeersbeampte

4.2.2 *Loopkoste komponent*

Loopkoste ter sprake word verkry vanaf die AA Tariewe. Alle essensiële voertuigtoelae's word bereken op 'n 2000 cc voertuig.

4.2.3 *Toelaag bepalings*

Die vaste vervoertoelae is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

Amptenare wie deelneem aan hierdie skema moet daaglik 'n voertuig beskikbaar het tydens werksure om sodoende amptelike pligte uit te voer. Voertuig moet te alle tye voldoende brandstof in tenk het.

Amptenare moet 'n voertuig koop wat voldoende kapasiteit het om sy werk te verrig, ten minste 'n 1 ton bakkie. (Verkeer en Boubeheerbeamptes uitgesluit)

Huis na werk sowel werk na huis ritte kom nie in berekening vir hierdie toelaag nie

Deelnemer aan skema vergesel ander amptenaar binne of buite jurisdiksie gebied vir amptelike doeleindes – maak gebruik van deelnemer se voertuig.

Deelnemer aan skema vergesel raadslid binne of buite jurisdiksie gebied vir amptelike doeleindes – maak gebruik van deelnemer se voertuig behalwe as toelaag van raadslid minder is as die van die amptenaar, dan kan van raadslid se voertuig gebruik gemaak word.

In geval van swak padtoestande – deelnemer aan motorskema word verplig om getekende ritmagtigingsbrief te verkry vanaf Munisipale Bestuurder of gedelegeerde, om gebruik te maak van 'n munisipale bakkie of 4x4 voertuig.

Sou 'n deelnemer aan hierdie skema nie die voorwaardes ten alle tye nakom nie moet die Finansiële Bestuurder die aangeleentheid skriftelik aan die Munisipale Bestuurder rapporteer.

4.3 AD HOC-VERVOERTOELAAG TEN OPSIGTE VAN TYDELIKE EN TOEVALLIGE AMPTELIKE RITTE

Enige amptenaar wat in opdrag van 'n Departementshoof toevallige vervoer (slegs waar munisipale vervoer nie beskikbaar is nie) in diens van die Munisipaliteit verskaf, moet vergoeding betaal word vir die werklike kilometersafstand afgelê.

Die werknemer is verplig om 'n eis in te dien wat deur sy/haar Departementshoof goedgekeur moet word. Die goedgekeurde eis moet by die Finansies Afdeling ingedien word.

Die toevallige vervoertoelaag moet soos volg bereken word:

$$A = b \times c$$

Waar A = die toevallige vervoertoelaag betaalbaar;

b = koste per km volgens die tabel van SARS

c = werklike kilometers afstand afgelê

Algemeen:

Dat aan mnre. Maans en Goeieman (Arbeider Middelpos en Wateropsigter Roman) een trip per maand heen en weer betaal sal word vanaf hulle werksplekke na die naaste dorp en ook in ernstige gevalle.

20. VERSEKERING VAN RAADSLEDE EN WERKNEMERS

Die raad neem 'n aangegewe voordele versekering vir alle werknemers uit op'n basis van 2 x jaarlikse verdienste. Die polis sal aangewend word om kostes met die vervanging van 'n werknemer te verhaal en die balans sal dan aan die werknemer se boedel/naasbestaandes uitbetaal word. Die versekering is net van toepassing gedurende werksure.

Raadslede se versekering word vervat in die raad se versekeringsportefeulje

21. ARBEIDSFORUM

Soos ooreengekom in Bedingingsraad

22. ESSENSIËLE DIENSTE OOREENKOMS

Soos ooreengekom tussen vakbonde en raad.

23. TYDELIKE WERKERS:

Indien daar van tydelike arbeid gebruik gemaak word sal die vergoeding as volg wees:

Algemene werkers : R60 per dag
 Drywers : R100 per dag
 Gespesialiseerde werk: R140 per dag.
 Skoonmaker toilette erf 245 Calvinia: R60 per dag (toegangsfooi kan sy behou aangesien sy Saterdag werk tot 13:00 sonder vergoeding)

Die Munisipale Bestuurder stel tydelike werkers aan.

Raadslede kan die aanstellingprosesse monitor en ook deel wees van die aanstellingspaneel maar slegs as waarnemers.

24. KOLLEKTIEWE OOREENKOMS INSAKE ORGANISASIEREGTE

Soos ooreengekom in Bedingingsraad. Verwys Hoof Admin: Beleide Mei 11 verskeie

25. MEDIESE ONDERSOEKE VAN WERKERS

Slegs personeel wat ingevolge die Wet op Beroepsveiligheid en Gesondheid 'n risiko loop om beroepsiektes op te doen, sal deur die raad gestuur word vir mediese ondersoeke.

Die raad betaal die koste vir die jaarlikse mediese ondersoeke vir buite werkers.

Die volgende keuse word aan amptenare gebied:

Loeriesfontein en Nieuwoudtville kan kies tussen dokters op Calvinia of Vredendal

Brandvlei kan kies tussen dokters op Calvinia of Kenhardt.

Calvinia moet dokters op Calvinia besoek. Die motivering is omdat Calvinia dokters het maar die Dienspunte nie.

Beleid moet in ooreenstemming met ORA wees

26. VOORSKOTTE

Enige voorskot wat 'n werknemer op sy/haar salaris wil neem moet met goedkeuring van die Munisipale Bestuurder geskied.

Voorskotte sal slegs oorweeg word in gevalle van dood en siekte na voorlegging van die nodige sertifikate.

'n Voorskot mag nie hoër wees as die opgelope verdienste van die werknemer vir die betrokke maand nie tot 'n maksimum van R 500.00

27. HUISLENINGS BY PENSIOENFONDSE

Die raad keur aftrekfasiliteite vir mikrolenings vir die aankoop of verbeteringe aan amptenare se huise goed op voorwaarde dat die aansoeker die raad oortuig dat die lenings uitsluitlik vir daardie doel aangewend word. Indien daar later gevind word dat die mikrolening vir ander doeleindes aangewend word sal aftrekorderfasiliteite gestaak word.

28. OPENBARE BESTUURSPERMIT

Die raad sal instaan vir die koste van amptenare vir die verkryging van 'n openbare bestuurspermit asook die hernuwing daarvan. Amptenare wat openbare bestuurspermitte benodig in die uitvoering van hulle werk kry hierdie voordeel.

29. BYSTAND

Bystand word gebaseer op die tarief van een uur oortyd per dag

Die volgende is 'n algemene riglyn vir plasing van amptenare op bystand. Die Munisipale Bestuurder en Departementshoofde kan afwyk van die beleid as die werksituasie dit regverdig:

Alle persone op die dienspunte wat bystand doen is slegs drie weke per maand op bystand en die vierde week 'n ander persoon. Op die dienspunte moet een van die ander amptenare instaan vir daardie week vir die voorman.

Op Calvinia die volgende:

Twee elektrisiëns en twee persone op waterbystand werk elk twee weke per maand bystand.

Ander voormanne is drie weke per maand op bystand.

Mnr. H. Beukes wat aangestel is as voorman moet dan die voormanne aflos die week wat hulle nie op bystand is nie.

Adjunk Hoof Verkeersbeampte doen drie weke bystand en Ondersoeker van Voertuie die volgende week. Bystand sal gelykop gedeel word sodra 'n tweede verkeersbeampte aangestel word.

Twee arbeiders per dienspunt en Calvinia vier arbeiders word ook op bystand geplaas

30. RAADSLEDE /KOMITEE'S/BYWOON VAN VERGADERINGS

1. Raadslede moet by aanvang van hulle dienstermyn 'n eed aflê waarin hulle sweer om getrou en gehoorsaam te wees aan die konstitusie van die Republiek van Suid Afrika, asook alle wette van die Republiek van Suid Afrika sal respekteer, en belowe dat hul die pligte as raadslid van Hantam Munisipaliteit na die beste van hul vermoë sal uitvoer.
2. Raadslede neem kennis van die wetgewing (item 3 van die Gedragskode vir raadslede, bylae 1 van die wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000) wat bepaal dat raadslede nie afwesig mag wees van meer as drie agtereenvolgende vergaderings van die raad of komitee's van die raad nie.
3. Raadslede neem kennis van die wetgewing (item 5 en 7 van die gedragskode vir raadslede, bylae 1 van die wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000) wat bepaal dat raadslede binne 60 dae na hulle verkiesing hulle finansiële belange moet verklaar en verder dat raadslede moet verklaar indien hulle enige finansiële voordeel uit enige kontrak met die raad verkry.
4. Raadslede neem kennis van die gedragskode vir raadslede soos vervat in artikel 54 van die wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (bylae 1)
5. As 'n besparingsmaatrêel sal daar net een stel agenda's aan elke raadslid beskikbaar gestel word en nie ook aan die politieke koususse nie.
6. Burgemeester keur raadslede se reis en verblyf koste goed/af en die Munisipale Bestuurder keur amptenare se reis en verblyf goed/af. Daar moet verseker moet word dat raadslede binne 7 dae skriftelik aan die Burgemeester en amptenare aan die Munisipale Bestuurder rapporteer i.v.m. vergaderings en werksinkels bygewoon. Raadslede se verslae i.v.m. die bywoning van vergaderings, ook aan die raad voorgelê moet word.
7. Amptenare/raadslede wat net die aantekenregister met die bywoning van werksinkels en vergaderings teken en dan die vergaderlokaal verlaat en nie 'n verslag oor die werksinkel/vergadering aan die Munisipale Bestuurder/Burgemeester kan gee nie, sal die reis en verblyfuitgawes van die betrokke amptenaar/raadslid verhaal word.
8. Indien raadslede en amptenare saam 'n vergadering/werksinkel bywoning moet albei partye verslag doen.
9. Raadslede sal 'n boete van R150 opgelê word vir elke raadsvergadering, komiteevergadering of raadsgeleentheid wat hulle sonder verskoning van afwesig is.
10. Dat 'n "Rapid response team" op die been gebring word om krisis te hanteer. Die "Rapid response team" sal bestaan uit die Burgemeester, Munisipale Bestuurder, wyksraadslid (waaruit die betrokke klage kom) en betrokke departementshoofde.

11. Die raad sal die een maand vergadering hou en die volgende maand sal die komitee's vergader. As 'n proefneming sal die raad egter vanaf November 2011 vir die volgende 6 maande elke maand slegs 'n raadsvergadering hou.

KOMITEES VAN DIE RAAD

INSTITUSIONELE KOMITEE

Raadslid G.J. Engelbrecht: Voorsitter
 Raadslede J.H. Wilschut en A.F. Fritz
 Sekretariaat: A. Bergh
 Wnd. Munisipale Bestuurder: Ex Officio

FINANSIËLE KOMITEE

Raadslid A.F. Fritz: Voorsitter
 Raadslede F.J. Sterkse en G.J. Engelbrecht
 Sekretariaat: Mnr. I.G. Valentein

INFRASTRUKTUUR KOMITEE

Raadslid J. Swarts: Voorsitter
 Raadslede: R.N. Swartz en H.C. Steenkamp
 Sekretariaat: B.W. Meyer
 Burgemeester: Ex Officio
 Wnd. Munisipale Bestuurder: Ex Officio

SOSIALE KOMITEE

Raadslid G. Opperman: Voorsitter
 Raadslede M.S. Esau en J. Swarts
 Sekretariaat: J.R. van Wyk
 Burgemeester: Ex Officio
 Wnd. Munisipale Bestuurder: Ex Officio

ARBEIDSFORUM

Dat die raadskomponent as volg sal wees:

Raadslid: A.F. Fritz (Burgemeester)
 Raadslid: F.J. Sterkse
 Raadslid: J. Swarts
 Raadslid: J.H. Wilschut

RAADSVERTREENWOORDIGERS OP VERSKEIE KOMITEES

Kaapse Aftreefonds: Raadslid G.J. Engelbrecht
 Vaardigheidsontwikkeling en Gelyke Geleenthede Planne: Raadslid G. Opperman
 Polisieforum : Raadslid M.S. Esau
 Esta Komitee: Raadslid F.J. Sterkse
 Museumverteenvoordiger: Raadslid G.J. Engelbrecht
 Meentkomitees: Raadslid J. Swarts
 IDP Forum: Raadslid G. Opperman
 IGR Provinsiaal en Distrik: Raadslid A.F. Fritz
 Vigsraad: Raadslid M.S. Esau
 Gesondheidskomitee: Raadslid R.N. Swartz
 R/b 181/11 van 1 Desember 2011: Municipal Public Accounts Committee: Rdl. H.C. Steenkamp as voorsitter en lede rdl. F.J. Sterkse en G.J. Engelbrecht.
 R/b 141/11 van 29 September 2011: Naamgee Komitee: Rdl. R.N. Swartz, J. Swarts en Hoof Tegniese Dienste

SALGA:

Ekonomiese Ontwikkeling: Raadslid A.F. Fritz
 Munisipale Finansies/Administrasie: Raadslid G.J. Engelbrecht
 Sosiale Ontwikkeling: Gesondheid en Veiligheid: Raadslid H.C. Steenkamp
 Munisipale Dienste: Raadslid J. Swarts
 Menslike Hulpbronne: Raadslid G. Opperman
 Bestuur en IGR: Raadslid A.F. Fritz

31. AANSTELLING EN SALARIS AFTREKKINGS

1. Nuut aangestelde werknemers sal slegs vanaf aanstelling geregtig wees op die volgende byvoordele indien hulle by hulle vorige werkgewer daarop geregtig was:
 - Pensioen
 - Medies
 - Behuisingstoelae
 - Groepversekering
2. Nuwe aanstellings sal geen byvoordele ontvang voor permanente aanstelling nie, uitgesluit in 1. genoem.
3. Jaarlikse bonusse kan volgens die finansiële posisie van die raad in die verjaarsdagmaand van werknemers of end November van elke jaar uitbetaal word.
4. Dienste rekening van amptenare wat meer as drie maande agterstallig is, sal van hulle salarisse verhaal word soos wetgewing vereis.
 1. Nie – statutêre aftrekkings van werknemers se salarisse mag nie 30% oorskry nie en die netto salaris mag ook nie minder as R750.00 wees nie.

32. VOERTUIE

GEBRUIK VAN VOERTUIE DEUR AMPTENARE

1. Spesifieke voertuie sal aan spesifieke amptenare toegeken word om hulle amptelike take te verrig.
2. Die amptenare aan wie 'n voertuig toegeken word, moet volle verantwoordelikheid vir die voertuig aanvaar, deur toe te sien dat die volgende gedoen word:
 - i. Dat daar 'n volledige logboek van alle ritte tydens uitvoering van amptelike pligte gehou word.
 - ii. Dat onderhoud van die voertuig, ingevolge die onderhoudsplan gedoen word om te verseker dat die voertuig in 'n goeie en werkende toestand is.
 - iii. Dat volledige rekord gehou word van alle brandstof en onderhoudskoste.
 - iv. Dat die voertuig aan die einde van 'n skof by die munisipale store geparkeer word. Voertuie mag nie by die huise van amptenare gehou word nie, tensy die amptenaar op bystand is.
 - v. Dat wanneer 'n skof begin die amptenaar die voertuig by die voorman moet uitteken en by sluiting van die skof moet dit weer ingeteken word.
 - vi. Dat ritmagtingingsvorme voor elke rit wat onderneem word deur die bestuurder (amptenaar) ingevul moet word en deur 'n departementshoof of voorman goedgekeur word.
 - vii. Dat die rookverbod soos deur die Raad voorgeskryf, van toepassing sal wees.
 - viii. Dat die bestuurder of operateur moet voorsien dat die voertuig padwaardig is voordat dit die perseel verlaat. Defekte moet aangemeld word sodat daar gereël kan word vir herstel.
 - ix. Dat die voertuig ook die munisipale uitkenningsplakker op moet hê.
3. Die voertuig mag slegs gebruik word deur 'n ander amptenaar as die een aan wie dit toegeken is, met die goedkeuring van die Munisipale Bestuurder of die betrokke Departementshoof gebruik word, nadat hy/sy 'n volledige verslag gekry het waarom die voertuig benodig word en moet die voorgeskrewe reëls met betrekking tot logboeke, in- en uitteken van die onderhoud, streng nagekom word.
4. Geen Raadslid mag:
 - i. 'n Raadsvoertuig sonder die toestemming van die Munisipale Bestuurder gebruik nie.
 - ii. Geen raadslid mag sonder toestemming van die Munisipale Bestuurder of voorman saamry met 'n amptenaar nie.
 - iii. 'n Raadsvoertuig oornag by hom/haar woning laat staan tensy dit deur omstandighede vereis word. (kan ook slegs met vooraf goedkeuring van die Munisipale Bestuurder gebeur).

Ongelukke / Onderhoudsdefekte

Wanneer 'n voertuig in 'n ongeluk betrokke is of wanneer meganiese probleme ondervind word, moet die Hoof: Infrastruktuur onmiddellik geskakel word om die nodige opvolg te doen. Die persoon/persone wat betrokke was, moet 'n volledige skriftelike verslag oor die gebeure by die Munisipale Bestuurder indien.

As die voertuig in 'n ongeluk betrokke is, moet dit by die onmiddellike hoof aangemeld word en departementshoof sal toesien dat die Raad se versekeraars in kennis gestel sal word van die ongeluk.

As 'n voertuig langer as 3 maande staan, moet die voertuig weer gery word ten einde te verseker dat daar nie skade intree nie.

Oortredings

Indien enige van die bepalings van hierdie beleid oortree word, sal daar teen die skuldige partye ingevolge die wetlike prosedures dissiplinêr opgetree word.

Voorwaardes waaronder Munisipale voertuie gebruik mag word.

1. Die persoon wat die voertuig gebruik moet in besit wees van 'n geldige rybewys.
2. Die misbruik of onbehoorlike hantering van die voertuig, onverskillige bestuur onder die invloed van sterk drank of dwelmmiddels of enige afwyking van die bepalings van die Raad se beleid met betrekking tot die gebruik van Munisipale voertuie sal daartoe lei dat die Raad dissiplinêre stappe neem.
3. Alle kilometers gereis moet aangeteken word en 'n behoorlike logboek moet bygehou word; by versuim kan dissiplinêre aksie deur die Raad geneem word.
4. Die Raad behou die reg om kostes te verhaal wat veroorsaak is deur beskadiging of verlies van 'n voertuig as gevolg van nalatigheid.

AANKOOP VAN VOERTUIE

Die aankoop van ligte voertuie moet plaasvind na elke 120 000 kilometer of 5 jaar, afhangende van wat eerste bereik word. Dit is om te verseker dat 'n goeie "markwaarde" gehandhaaf word.

Swaardiens voertuie moet elke 200 000 kilometer of elke 10 – 15 jaar vervang word, of soos besluit op 'n evalueringsbasis.

As ligte voertuie die ouderdom van 8 jaar bereik het en nog nie 120 000 kilometer op het nie, moet die voertuig vervang word ten einde te verseker dat daar 'n goeie markwaarde verkry word.

As 'n tweedehandse voertuig aangeskaf word, moet dit nie ouer as 5 – 6 jaar of soos deur die Raad bepaal, wees nie.

As voertuie aangeskaf word, moet die petrolenjins vir loodvry-brandstof aanpasbaar wees.

Die diesel- sowel as die petrolenjins moet voldoen aan die voorgeskrewe emissieperk vir uitlaatgasse.

Die twee raadsvoertuie (Ford Ikon en Nissan LAW) mag slegs deur raadslede en amptenare gebruik word wat nie 'n vervoertoelae ontvang nie.

'n Vrywaringsvorm moet voltooi word wanneer 'n privaatpersoon saam met die raadslid/amptenaar reis. Een afskrif van die vrywaringsvorm moet in die kantoor gehou word en nog 'n afskrif in die motor.

33. SDBIP EN PMS

Leêr: Hoof Admin.: Folder PMS en SDBIP: PMS Policy framework

Die voorsitters van die 4 komitees (Finansies, Administrasie, Institusioneel en Sosiaal) sal op die Evalueeringskomitee sit wat die SDBIP moniteer.

34. ALGEMENE VOERTUIGBESTUURDERS

Alle trekkerbestuurders wat kode 10 lisensies het word aangestel as Algemene Voertuigbestuurders en die vergoeding sal op die posvlak van 'n huidige vragmotorbestuurder wees.

35. JEUGONTWIKKELINGSFONDSE

BELEID TEN OPSIGTE VAN UITBETALINGS VAN BESKIKBARE FONDSE

1. Slegs skriftelike aansoeke met volledige motivering vir 'n toekenning, sal oorweeg word.
2. Uitbetaling sal geskied vir alle jeugaangeleenthede binne die regsgebied van die Namakwa Distriksmunisipaliteit.
3. Die Burgemeester doen aanbevelings aan die hand van die kriteria/beleid en bepaal die grootte van die bedrag toegeken.

4. Geen uitbetalings word gedoen aan individue. Tjeks sal slegs uitgemaak word aan instansies/organisasies, uitgesluit politieke partye.
5. Daar sal gepoog word om 'n eweredige verspreiding van beskikbare fondse te doen in die 5 wyke van die Munisipaliteit.
6. Die raad kan vereis dat dokumentêre bewys voorgelê word van spesifieke aktiwiteite waarvoor fondse benodig word en of die aktiwiteit suksesvol afgehandel is.
7. Die Munisipale Bestuurder magtig alle uitbetalings aan die hand van die aanbeveling van die Burgemeester en voldoening aan die kriteria.
8. Uitgawes uit die Jeugontwikkelingsfonds sal periodiek aan die raad voorgelê word vir kennisname.
9. Die fonds kan ook aangewend word om jeugdige verder te laat studeer.
10. Jeugdige wat bewyse voorlê dat hulle die eerste jaar van hulle studies suksesvol voltooi het sal voorkeur geniet om weer 'n toekenning te ontvang.
11. Die munisipaliteit sal poog om studente wat afgestudeer het in diens te neem.
12. Aansoeke om studiehulp moet voor end November ingehandig word sodat daar genoegsame tyd is om oor hulpverlening te besluit.

36. SKILLS RETENTION POLICY

Die aanstel van personeel geskied volgens die raad se beleid oor indiensneming (adverteer intern en ekstern) met inagneming van die Gelyke Geleentehede en Vaardigheidsontwikkelings planne.

Geleentehede word vir personeel gegee om verder te studeer (studie en spesiale verlop). Die raad skryf personeel verder in vir opleidingskursusse wat deur geakkrediteerde opleidingsfirmas aangebied word.

'n Loopbaanplan beplanning moet saam met die Departementshoof saamgestel word vir personeel wat belangstel in 'n volhoubare munisipale loopbaan met bevorderingsgeleentehede.

Indiensopleiding moet aandag geniet en vir personeel geleentehede gegee word om wyer ondervinding in sy afdeling op te doen. Sodoende kan personeel wat potensiaal en deursettingsvermoë het bevordering aangebied word. So 'n opgeleide persoon kan dan veelsydig aangewend word.

Indien personeelid sy potensiaal toon en bewys, moet daar ook finansiël na hom omgesien word in vorm van salaris en voordele.

Die raad sal spesiale aandag gee om personeel met skaars vaardighede in diens te neem en te behou.

Die beleid sal soos die behoefte ontstaan van tyd tot tyd aangepas word.

37. BEHUISING SUBSIDIES

Maksimum verband is R135 000

Maksimum subsidie is gelyk aan R1 000 per maand of
 Indien die verband minder as R135 000 dan sal die subsidie pro-rata verminder, tot die naas laer rand of
 Indien die rente en delgingspaaierement minder is as die resultaat van die berekeninge hierbo, sal die subsidie gelyk wees aan 80% van die rente en delgingspaaierement afgerond tot die laaste laer rand.

38. ABET KLASSE

Personeel moet aansoek doen na die raad om Abet klasse by te woon.

Goedkeuring kan verleen word indien die betrokke amptenare bereid is om die ure afgeneem terug te werk as oortyd sonder vergoeding.

Die nodige registers moet bygehou word.

Die betrokke voorman of direkte hoof se inset sal eers verkry word voordat oorweging aan bywoning van Abet klasse gegee word.

39. RECRUITMENT

1. REASON:

Hantam Municipality needs to standardise its recruitment practises in order to make provision for the implementation of an Employment Equity programme.

2. POLICY STATEMENT

It is the Policy of Hantam Municipality to achieve the following objectives by means of its recruitment Policy:

- Recruitment and promotion of suitable candidates for vacant posts in Hantam Municipality.
- The promotion of equitable representation of all population groups, sexes and persons with disabilities in all post categories and levels within Hantam Municipality with special reference to the numerical targets as set out in Hantam Municipality's Employment Equity Plan.

3. INTERNAL VERSUS EXTERNAL RECRUITMENT

- 3.1 Internal recruitment and or promotion should only be used to fill vacancies where it is not in conflict with the aims set out in Hantam Municipality Employment Equity Plan. When under representation of designated groups has been identified in the job category for a specific post, exclusive use should not be made of internal recruitment and promotion unless there are enough suitable candidates from the respective designated groups available internally.
- 3.2 If there is a sufficient number of suitable candidates from the underrepresented designated group available within Hantam Municipality and a decision is taken to recruit internally, there must be sufficient publicity within Hantam Municipality in respect of the vacant post in order that all suitable candidates have a fair opportunity to apply. So-called word of mouth internal recruitment must be avoided.
- 3.3 Where it is decided that external recruitment is necessary to address the identified under representation, internal recruitment must be used in conjunction with the external recruitment to ensure that there is no absolute barrier for the promotion of persons from non-designated groups within Hantam Municipality.
- 3.4 In the event of total non-availability of suitable internal candidates and extremely limited availability of external candidates for a vacant post of a specialised nature, the Municipal Manager may decide that Hantam Municipality may recruit externally only targeting specific individuals for recruitment where necessary. Because this recruitment method could easily exclude suitable candidates arbitrarily it should be treated with

caution and the following procedure and guidelines must be adhered to in order to prevent possible inadvertent abuses:

3.4.1 A report should be prepared for the Municipal Manager by Human Resource section specifying:

- why it is regarded as unlikely that normal recruitment methods alone will succeed in attracting suitable candidates to apply for the vacancy
- which individual or individuals should be targeted and approached directly with a view to obtaining their services in order to fill the vacancy
- Why the individual or individuals are considered to be the most suitable candidates for the position.
- Why it will not be possible to consider training an internal candidate to fill the position
- If under representation exists in the job category and level involved and the individuals identified are not from the underrepresented category, why a suitable candidate or candidates from the category could not be found.

3.4.2 If the Municipal Manager is satisfied that there is sufficient reason to believe that normal advertising and re recruitment will not be successful in attracting a suitable candidate and that suitable candidates have been identified he or she may direct that the normal advertising and recruitment procedures be followed to publicise the availability of the position but that the individuals identified as suitable candidates be directly invited to apply for the position.

3.4.3 If individualised recruitment has been used the report by the Human Resource Section as well as a report by the Municipal Manager describing the individualised recruitment as well as the resulting appointment should be retained by the Department of Human Resources as part of recruitment information and statistics

and should also be included in the yearly analysis of recruitment methods.

4. GUIDELINES FOR EXTERNAL RECRUITMENT

- 4.1 When a decision has been taken to recruit externally Hantam Municipality Employment Equity Plan should be consulted in order to identify the geographical area from which to recruit for a specific level and job category.
- 4.2 When it has been ascertained in which geographical area recruitment has to take place Hantam Municipality Employment Equity Plan must be consulted in order to ascertain which specific designated group is underrepresented in the specific post category and level.
- 4.3 The method of recruitment must always be aimed to reach the specific designated groups which are underrepresented in the specific job level and category. The language as well as the medium used for the process of recruitment is of the utmost importance.

5. EVALUATION OF RECRUITMENT AND THE RECRUITMENT INFORMATION

- 5.1 It is necessary that the Human Resources Section of Hantam Municipality keep the following information up to date:
 - 5.1.1 The number of candidates who apply for each vacant post;
 - 5.1.2 the number of persons from designated groups that apply for each vacant post;
 - 5.1.3 the number of candidates from designated groups with the necessary qualification that apply for each vacant post;
 - 5.1.4 in instances where it is decided to recruit only internally the reasons for the decision;
 - 5.1.5 in respect of each internal and external recruitment, the method used to reach the target group (designated group).

- 5.2 The Human Resources Section must evaluate the recruitment methods of Hantam Municipality on a yearly basis with specific reference to the following-
- 5.2.1 are the correct target groups identified with specific reference to Hantam Municipality Employment Equity Plan.
 - 5.2.2 does the media used for the recruitment reach the target group that is identified in the employment equity plan;
 - 5.2.3 if the media does reach the target group, is the contents of the recruitment material of such a nature that it succeeds in convincing suitable candidates from the target groups to apply for the vacant posts;
 - 5.2.4 can the recruitment methods or the contents of the recruitment material be seen as an absolute employment barrier for persons from the non=designated groups;
- 5.3 recruitment methods must be revised on a yearly basis to fulfil the changing needs of Hantam Municipality.

6. ADVERTISEMENT POLICY

- 6.1 This policy must be applied in conjunction with the policy regarding Internal and External Advertisement.

40. PENSIOEN-EN MEDIESE FONDS – AMPTENARE

1. Amptenare kan behoort aan mediese en pensioenfondse soos goedgekeur deur die vakbonde en SALGA.
2. Die minimum ouderdom vir aftrede met pensioen is in ooreenstemming met SARS naamlik 55 jaar.

41. ORGANOGRAM

Leer: Hoof Admin: HR: Organogram Bosberaad 2011

26/10 ORGANOGRAM (IN NOT 31-5-10)

Dat die raad die organogram soos goedgekeur per raadsbesluit 56/07 waarvan 'n afskrif by die notule aangeheg word, steeds aanvaar as die laaste organogram wat goedgekeur en in werking is.

56/10 NOTULE ARBEIDSFORUM (INNOT 25-11-10)

Dat die organogram, soos aangeheg, aanvaar word.

ORGANOGRAM: AANSTELLING VAN HOOF FINANSIËLE BEAMPTE (SPES. NOT 5-5-11)

Dat raadsbesluit 56/10 herroep word en punt 5 vervang word met 'n organogram waar die pos van Kantoorbestuurder vir die Burgemeester geskrap word. Punte 1 tot 4 van oorspronklike raadsbesluit 56/10 word so behou.